

A detailed painting of Saint Joan of Arc. She is shown from the waist up, wearing full plate armor. Her helmet has a tall plume and a circular emblem on the front. She holds a long-sabre in her right hand. A red cloth or banner is draped over her left shoulder, featuring a golden heraldic crest with three crowns. She has a serene expression and is looking slightly to her left. In the background, a small figure of a man in medieval clothing stands behind her, looking up at her.

ST. JEANNE D'ARC

30 MEI

(1412 - 1431)

Hierdie beminde Maagd van Orleans, beskermheilige van Frankryk is in nederige omstandighede in die dorpie Domrémy gebore. Op 15-jarige ouderdom beleef sy haar eerste visioen waarin die aartsengel Migael en die heiliges Katerina en Margareta haar die opdrag gegee het om Frankryk van die juk van die Engelse te bevry. Daarna volg daar soveel merkwaardige en wonderbaarlike gebeure waardeur hierdie plaasmeisie uiteindelik die Franse troepe lei en die stad Orleans bevry en sodoende Karel VII in staat stel om in Reims tot Franse koning gekroon te word. Sy voorspel ook haar eie gevangeneming deur die Boergondiërs wat haar aan die Engelse verkoop het. Sy is van heksery aangekla en deur 'n tribunaal in Rouen verhoor en skuldig bevind. Op 30 Mei 1431 is sy voor 'n skare mense op die markplein op 'n brandstapel verbrand. In 1456 het pous Callistus III haar onskuldig bevind en in 1920 is sy heilig verklaar.